# CBMC Gebedsbrief

**20 Julie 2026**

## KALENDER

Julie
21 Skole Open
23 CBMC Vanderbijlpark Inreik Gauteng
25 CBMC Hartenbos en Mosselbaai Uitreik Mosselbaai

Augustus
14 – 16 Bridgetown Kamp (Moorreesburg)

September
18 CBMC Rolbaldag Strand

## VERJAARDAE

Julie
20 Salie Pretorius (Noordwes)
22 Louis du Plooy (Vrystaat)
25 Johan Grabe (Gauteng)
Heleen Stoltz (Gauteng)
DH van Niekerk (Boland)
John Woest (Boland)
26 Charles Calitz (Suidkaap)

2 Korinthiërs 5

*18* "En dit alles kom van God af, wat ons deur Christus met Homself versoen het, en aan ons die bediening van die versoening gegee het." (AFR20)


Adres:
Edwardstraat 134
Bybelhuis,
1ste Verdieping
Bellville 7530
Die WhatsApp-nommer vir die CBMC-kantoor is 061 621 4668.


CBMC Bankbesonderhede:
Rekeninghouer: CBMC Bank: FNB
Rekeningnommer: 6236 1233 176
Takkode: 250655 - Willowbridge
info@cbmc.co.za

Snap here to pay
SnapScan

## Dissipelskap en Dissipelmaking (Deel 23)

Ons het verlede week verder gekyk na die nuwe mens (wedergeboorte) waarvan ons in 2 Korintiërs 5:17 en Johannes 3:3 lees.

Drie belangrike onderwerpe van 2 Korintiërs 5:17-20 is:

1. In vers 17 die **nuwe identiteit** van die persoon wat aan Christus behoort.
2. In verse 18 en 19 word geskryf van die **nuwe verhouding** waarin gelowiges staan.
3. In verse 20 en 21 lees ons weer van die **nuwe roeping** wat ons nou het.

Hierdie week gaan ons kyk na die **nuwe verhouding** waarin ons staan (vers 18 en 19).

Die nuwe identiteit gaan oor WIE ek nou is. Dit beteken ek is nou anders.

Die nuwe verhouding sê vir ons AAN WIE ek nou behoort. Dit beteken ek is nou veilig.

Lees weer verse 18 en 19 in verskillende vertalings en skryf dit in jou eie woorde:

________________________________________________

Hoe het die ou verhouding gelyk volgens Romeine 5:10?

________________________________________________

Hoe lyk die nuwe verhouding volgens Efesiërs 2:14?

________________________________________________